

Sing vooraf staande: Psalm 16:1, 3 (p. 61)

- 1 Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou! / Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.
Daar is vir my, in wat die oog aanskou, / geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.
En wie op aarde U ken en vrees, o HERE, / húl noem ek groot, hul is my roem en ere.
- 3 My erfdeel is op aarde skoon vir my; / die meetsnoer val in plekke lief en lustig.
Ek loof die HEER wat deur sy raad my lei; / selfs in die nag as alles sluimer rustig,
dan wek opnuut my niere die verlange / om God te dank in stille lofgesange.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 48:4, 5 (p. 245)

- 4 Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Gebed

Psalm 116:7, 8, 10 (p. 570)

- 7 Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld? / Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade / en by die kelk van heil sy Naam vermeld.
- 8 Al my geloftes, uitgespreek in nood, / sal ek betaal as ek voor U mag nader
en met u gunsvolk in u huis vergader. / Hoe kost'lik, HEER, is in u oog hul dood!
- 10 Ek sal u Naam met dankerkent'nis prys / te midde van die feestelike skare.
Jerusalem, ek hoor om jou altare / die lofgeluid wat tot Gods eer verrys.

Skriflesing: Nehemia 13:1-31

Kernverse: Nehemia 13:31b

Dink aan my, my God, ten goede!

(Nehemia 13:31b AFR53)

Tema: Om in troue diens aan God te volhard

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het vanoggend weer opnuut ons blydschap in die Here ontdek. In sy groot genade het die Vader sy Seun aan ons geskenk. In Hom het Hy die sonde regverdig gestraf. En die prys wat Christus betaal het, is voldoende – die Vader het Hom uit die dood opgewek. Daarom is die ewige Christus ons vreugde en blydschap. In Hom is ons blydschap vas en dit is ons beskutting.

Die versekering wat die Here in sy Woord en sakramente vir ons gee dat ons skuld inderdaad ten volle deur Christus betaal is en dat ons deur Hom voor God geregverdig is,

vuur ons aan om ons lewe opnuut en met meer ywer aan die Here toe te wy. 'n Mens sien sommer kans om baie dinge in diens van die Here te verrig.

Twee dae na afloop van die huttefees het die Israëliete weer bymekaargekom vir 'n vasdag. Hulle het weer op hulle plekke gaan staan en daar is weer vir drie uur lank uit die wetboek aan hulle voorgelees (Neh 9:3). Om weer te gedoen het wat die Here in sy Woord aan hulle beveel het, het veroorsaak dat hulle regtig erns met hulle verhouding met die Here gemaak het. Omdat God met hulle versoen is – want onthou, op die tiende dag van die sewende maand is die groot versoendag – het die Gees hulle gedring om nog noukeuriger hulle skulde voor die Here te bely. Die hele hoofstuk 9 is 'n gebed van skuldbelydenis wat die volk by monde van die Leviete tot die Here gebid het.

As gevolg van die verligting wat hierdie skuldbelydenis vir hulle gebring het en omdat hulle goed begryp het wat die Here in die wetboek aan hulle sê, het hulle op grond van die Woord van die Here 'n skriftelike onderneming aan die Here gemaak. Hulle het onderneem om gehoorsaam te bly aan die bepalings en voorskrifte van die Here. Hulle sal nie dat hulle kinders met heidene trou nie, hulle sal die sabbatdag heilig hou, en hulle onderneem om hulle verpligting ten opsigte van die tempel te onderhou (Neh 10:30-39).

Nou weet ons ook wat dit beteken as jy jou hand op papier gesit het, veral as jy nog 'n skriftelike onderneming teenoor die Here gemaak het. In ons lewe van elke dag weet ons dat jy nie sommer 'n kontrak kan beëindig nadat jy met jou handtekening gesê het dat jy dit gaan nakom nie. Dit is wat die Judeërs gedoen het met hulle skriftelike onderneming. Met die skriftelike onderneming het hulle plegtig belowe om gehoorsaam aan die Here te lewe.

Broers, susters en kinders, nie een van ons het vanoggend ons hand op papier gesit nie. Nie een van ons het ons handtekening gemaak om daarmee te belowe dat ons gehoorsaam aan die Here sal bly lewe nie. Maar laat ons nie te gou verlig sug en sê: Ag, dankie tog, nie. Die nagmaal as verbondsmaaltyd bevat nie net beloftes nie. God belowe in sy verbond dat Hy ons God is, en Hy is ons God. Maar in die verbond eis die Here ook ons lewe vir Hom op. Hy het sy Seun vir ons geoffer omdat Hy belowe om ons God te wees. Nou eis Hy dat ons sy volk sal wees. Ons moet as kinders van God lewe. Daarom vra God van ons 'n vaste voorneme om te volhard in ons trou aan Hom.

Nie een van ons wat aan die tafel van die Here kom sit het en nagmaal gevier het, het sy handtekening gegee nie. Maar met ons aansit aan die tafel en ons deel hê aan die nagmaal, het ons vir die Here – nie vir mense nie maar voor die oë van gelowiges – gesê: Ja, Here, ek het die opregte begeerte om met my hele lewe dank aan U te bewys, opreg voor U te lewe en in ware liefde en eensgesindheid met my naaste te lewe. Geliefdes, hierdie woorde was nie fyndruk nie. In verstaanbare taal het die Here dit aan elkeen van ons gesê toe die formulier voorgelees is.

Betekende die voorneme wat ons tydens die nagmaalviering gemaak het noudat ons onself in 'n hoek toegeverf het? Nee, beslis nie. Die Here het nie 'n geheime agenda waarmee Hy ons oorhaal om iets te doen wat ons nie kan doen nie. Nou wat beteken ons voorneme en Israel se skriftelike onderneming dan? Dit beteken dat elkeen van ons afsonderlik en almal van ons gesamentlik na onself en na mekaar moet omsien sodat ons getrou kan bly in ons diens aan die Here, soos wat ons onself plegtig voorgeneem het. 'n Plegtige voorneme en 'n plegtige skriftelike onderneming sê nie dat ons nie weer die toorn van die Here teen ons sal opwek nie. In hierdie laaste hoofstuk van Nehemia openbaar die Here aan ons hoe ons getrou gaan bly in ons diens aan Hom.

Met Nehemia 13 maak die Heilige Gees ons oë vir ons oop. Hy dryf ons met liefde vir Christus om te volhard in 'n vreugdevolle diens aan die Here. Eers maak die Heilige Gees ons oë oop om nugter te bly en nie moedeloos te word nie. In hierdie lewe word ons nie volmaak nie. In hierdie lewe gebeur dit keer op keer dat ons onself betrap dat ons weer die verkeerde dinge doen waarvoor ons vandag vergifnis ontvang het.

Die Judeërs het in die klompie jare wat Nehemia van hulle af weg was, weer teruggeval in die ou sondes. En as ons Nehemia 13 en Nehemia 10 met mekaar vergelyk, sien ons hulle het presies gaan doen wat hulle onderneem het om nie te doen nie. Of die volk nog so getrou geluister het na die Woord van die Here is nie so duidelik nie, want ons lees niks daarvan nie. Die tempel is ontheilig deurdat hulle vir Tobija, die Ammoniet, sommer 'n kamer by die tempel gegee het om in te bly. En kyk net wie het vir hom die kamer by die tempel ingerig – Eljasib, die hoëpriester. Dit is hierdie selfde Tobija wat destyds met Sanballat saamgespan het om die Here en die Here se volk te verkleiner toe Nehemia hulle begin het om die muur te herbou (Neh 2:19; 4:3). Dit is moeilik om die Here te gehoorsaam wanneer jy vir jou familie moet sê hulle is verkeerd. Eljasib het toegelaat dat sy familiebande met Tobija belangriker is as die bevel van God. Die Here het gesê dat Ammoniete nie in die vergadering van die volk mag kom nie (Deut 23:3-5).

Wanneer die Woord van die Here nie meer gereeld gehoor word nie, kom daar ook verval in finansiële sake. Die volk het nie meer hulle tiendes na die tempel gebring sodat die Leviete versorg kon word nie. Daarom moes die Leviete hulle werk om die volk in die Here se Woord te onderrig laat staan en landerye bewerk sodat hulle kon lewe en hulle gesinne versorg.

Die duidelike onderskeid tussen die volk van die Here en die heidene is laat vaar, want hulle het die sabbat soos enige ander dag hanteer en handel gedryf. Hulle het weer die Here en hulle verhouding met die Here vergeet. Nie net die sabbat nie maar hulle hele lewe wat moes weerspieël dat hulle kinders van God is, het vervaag. Hulle het met die heidene getrou en weer die gebruike van die heidene begin aanneem.

Vir hierdie dinge maak die Heilige Gees ook ons oë oop en sê: Moenie dink dat jy, kind van God, nou nooit weer sal sondig nie. Moet ook nie moedeloos word en in die sonde gaan bly lê, as jy nou weer oneerlik in jou diens aan die Here raak en nie respek vir Hom het nie.

As ons dit gesê het, geliefdes, klop ons nie mekaar op die skouer en sê ons ook nie: Ag, toe maar, dit is nie so erg as jy nou weer dieselfde verkeerde dinge doen nie. Daar is mos weer oor drie maande geleentheid om nuut met jou verhouding met die Here te begin. As ons dit sou sê, is ons besig om met die Here se genade te speel. Mag die Heilige Gees ons daarvan weerhou.

Nee, wat die Here wel vir ons sê, is dit: Moenie moedeloos word as jy nou weer in die sonde struikel nie en moenie daar bly lê nie. Maar hoe moet ons dan die saak hanteer?

Die Heilige Gees dryf ons met die liefde vir Christus om te volhard in ons getroue diens aan die Here. Toe Nehemia weer terug is in Jerusalem, het hy nie hande in die lug gegooi en die spul daar in Jerusalem aan hulle lot oorgelaat nie. Die eer van die Here is te belangrik om sommer maar net tou op te gooi in die stryd teen die sonde. Daarom het Nehemia ingrypend opgetree ten opsigte van elkeen van hierdie sake waarin die Judeërs die spoor byster geraak het.

Geliefdes, ons het mekaar aan die tafel van die Here sien sit. Ons het gesien hoe elkeen met sy deelname aan die nagmaal gesê het dat hy en sy gaan volhard om die Here getrou te dien. Ons gaan met die krag van die Gees en die Woord van die Here onself bekeer, as ons self die spoor byster raak. Maar dit gebeur ook dat 'n mens, bewustelik of onbewustelik, die spoor byster raak en nie self wil terugkeer na die Here nie. As dit met my gebeur, verwag die Here van elkeen van julle om ingrypend teenoor my op te tree. Ter wille van die eer van die Here moet ons oor mekaar wag hou. As ons die Here werklik liefhet, sal ons alles doen om te keer dat sy Naam skade ly deur 'n gelowige wat ongehoorsaam lewe.

Maar, en dit moet ons byvoeg, dit gaan ook oor die behoud van die sondaar. As ons sê dat ons die Here liefhet, kan ons nie lewe asof ons glad nie gepla is oor 'n broer of 'n suster wat die pad van die Here byster raak nie. Omdat ons gaan volhard om die Here getrou te dien, gaan ons oor mekaar wag hou sodat nie een van ons verlore gaan nie. Ons het ons voorgeneem om in liefde en eensgesindheid met mekaar saam te lewe. Daarom gaan ons in liefde mekaar help en bystaan en vermaan om getrou te bly aan die Here.

Ons sal alleen in ons troue diens aan die Here kan volhard wanneer ons heelyd onthou dat ons aan die Here verantwoording verskuldig is en bewus is van sy teenwoordigheid elke oomblik van ons lewe. Nehemia het drie maal gebid:

Dink aan my, my God, ten goede! (Nehemia 13:31b AFR53).

Met hierdie gebede het Nehemia nie sy goeie werke aan die Here voorgehou om iets daarmee by God te verdien nie. Die ware gelowige weet tog dat selfs sy beste werke niks by die Here kan verdien nie.

Om die Here te vra om aan jou te dink, soos wat Nehemia gedoen het, is iets anders as wat ons in die daaglikse gang van ons lewe doen. Wanneer ons aan iemand dink, dan onthou ons maar net daardie mens. Wanneer die Here aan sy kinders dink, onthou Hy nie net die mooi dinge van sy kinders nie. As die Here aan 'n mens dink, begin sy reddende dade plaasvind. Dit wat Nehemia gedoen het – van die herstel van die muur af tot hierdie drastiese stappe om die volk weer gehoorsaam aan die Here te kry – het hy nie ter wille van homself gedoen nie maar ter wille van God. In alles het dit vir Nehemia heelyd gegaan oor die eer van die Here en sy goeie Naam.

Wanneer 'n mens getrou in die diens van die Here volhard, soos wat Nehemia dit gedoen het, sal dit gebeur dat daar mense is wat kwaad word vir jou en jou gaan probeer belaglik maak. Wanneer ons mekaar streng gaan vermaan om getrou te bly in diens van die Here, gaan ons nie almal ewe gelukkig wees met ons broers en susters wat ons aanspreek nie. Maar natuurlik is ons ook nie daarop uit om mekaar net te paai wanneer die sonde dreig om die oorhand te kry nie. Ons is daarop uit om 'n broer en 'n suster se lewe ter wille van die Here te red.

Wanneer Nehemia vra dat die Here aan hom moet dink, vra Hy dat die Here hom met krag sal bystaan om ter wille van sy heilige Naam te volhard in die diens aan Hom. As ons dan die Here smee om aan ons te dink, smee ons sy krag en seën af op ons volharding in ons diens aan Hom. As die Here ons nie met die Heilige Gees se werk gaan seën nie, sal ons nie kan volhard nie. Mag die Here aan elkeen van ons dink wanneer ons die opregte voorneme gaan uitvoer om Hom te dien. Dan sal ons daagliks kan groei in ons geloof in die Here Jesus Christus.

Amen!

Slotgebed

Psalm 28:6, 7, 8 (p. 133)

- 6 Geloofd sy God, Hy het sy oor / geneig en weer my stem gehoor;
my sterkte en my hulp is Hy, / 'n skild my altoos dig naby.
- 7 Dus steun my hart net op u mag, / en jubel ek met al my krag.
U is ons sterkte en teëweer, / 'n rots vir u gesalfde, HEER!
- 8 Verlos ons uit benouenis, / en sien hul wat u bondsvolk is;
wees hul 'n herder vir altyd, / en dra hul tot in ewigheid!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
18 Mei 2014